## 11 Februarie - BOEK

**Skrifgedeelte: Openbaring 20:11-15**
**Fokusgedeelte: Openbaring 20:12**

Daar is al baie boeke op aarde geskryf, en jy het seker ook al baie boeke gelees. Van al die boeke op aarde is die Bybel die belangrikste boek wat jy moet lees.

Het jy geweet dat daar ook in die hemel boeke is? Van die boeke in die hemel is die boek van die lewe die belangrikste boek.

Ons Skrifgedeelte verplaas ons na die einde van die aarde se bestaan soos ons dit nou ken. Ook die einde van alle boeke, ja ook van die Bybel. Teen daardie tyd het die Bybel as Woord van God sy doel gedien. Dan word die belangrikste boek op aarde en in die hemel oopgemaak om gelees te word. Ons lees in Daniël 12 dat hierdie boek verseël is tot op die dag van die laaste oordeel om dan oopgemaak en gelees te word.

Wat staan in die boek van die lewe? Die name van die mense wat deur God in Christus uitgekies is om sy kinders te wees. Daarom word hierdie boek ook "die boek van die Lam wat geslag is" (Openb 13:8) genoem. Christus het met sy kruisoffer ons name as 't ware met sy bloed as ink in die boek geskryf! Deurdat Hy vir ons sonde versoening gedoen het, kan mense se name in daardie boek geskryf staan.

Is jou naam in die boek van die lewe geskryf? Wanneer jy in Christus as jou Verlosser en Here glo, dan het jy die sekerheid dat jou naam ook in die belangrikste boek ooit geskryf staan (1 Joh 5:13). Dan sal jou naam ook gelees word op daardie laaste oordeelsdag en sal God jou laat deel aan die ewige heerlikheid.

Beteken dit dat ek nou nie so ernstig die Here hoef te dien nie? Kan ek nou maar agteroor sit en wag tot my naam gelees word, my hand opsteek en dan die ewige lewe ingaan? Nee! Die Here Jesus moedig ons in Openbaring 3:5 juis aan om te volhard in die geloofstryd en te oorwin. Meer nog: Hy stuur ons uit om met groot vreugde diegene te gaan soek wat twyfel of hulle name in die boek opgeteken is. In Lukas 10:20 word die vreugde van ons sekerheid die wapen teen die duiwel waarmee ons hulle gaan soek wat nog twyfel.

Dank die Here vandag dat jou naam in die belangrikste boek ooit opgeteken staan en gee jou lewe oor in diens van die Lam, die Een wat jou naam met sy bloed daarin geskryf het.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12* *Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)*